

File No. B.



DIE PROVINSIE TRANSVAAL
Offisiële Koerant



THE PROVINCE OF TRANSVAAL
Official Gazette

(As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer)

(Registered at the Post Office as a Newspaper)

PRYS: S.A. 10c OORSEE 15c

PRICE: S.A. 10c OVERSEAS 15c

VOL. 216

PRETORIA,

24 APRIL
24 APRIL, 1974

3689

No. 84 (Administrateurs-), 1974.

PROKLAMASIE

Nademaal bevoegdheid by artikel 2 van die Wet op Opheffing van Beperkings, 1967 (Wet 84 van 1967) aan my verleen is om 'n beperking of verpligting in daardie artikel genoem te wysig, op te skort of op te hef;

So is dit dat ek, met betrekking tot Erf No. 813, geleë in dorp Bordeaux, distrik Johannesburg, gehou kragtens Akte van Transport No. 38556/1972, voorwaarde (1) ophef.

Gegee onder my Hand te Pretoria, op hede die 8ste dag van April, Eenduisend Negehonderd Vier-en-sewentig.

S. G. J. VAN NIEKERK,
Administrateur van die Provinsie Transvaal.
PB. 4-14-2-179-9

No. 84 (Administrator's), 1974.

PROCLAMATION

Whereas power is vested in me by section 2 of the Removal of Restrictions Act, 1967 (Act 84 of 1967) to alter, suspend or remove a restriction or obligation referred to in that section;

Now therefore I do hereby, in respect of Erf No. 813, situate in Bordeaux Township, district Johannesburg, held in terms of Deed of Transfer No. 38556/1972, remove condition (1).

Given under my Hand at Pretoria this 8th day of April, One thousand Nine hundred and Seventy-four.

S. G. J. VAN NIEKERK,
Administrator of the Province Transvaal.
PB. 4-14-2-179-9

No. 85 (Administrateurs-), 1974.

PROKLAMASIE

Nademaal bevoegdheid by artikel 2 van die Wet op Opheffing van Beperkings, 1967 (Wet 84 van 1967) aan my verleen is om 'n beperking of verpligting in daardie artikel genoem te wysig, op te skort of op te hef;

So is dit dat ek, met betrekking tot Erf No. 297, geleë in dorp Messina, distrik Messina, voorwaarde B(i) in Akte van Transport No. 32574/1972 en voorwaarde B(h) in Akte van Transport No. 32575/1972, wysig deur die invoeging van die woorde:

"and a pasteurising factory" na die woord "purposes" en die invoeging van die woorde "other than a pasteurising factory" na die woord "premises"

Gegee onder my Hand te Pretoria, op hede die 11de dag van April, Eenduisend Negehonderd Vier-en-sewentig.

S. G. J. VAN NIEKERK,
Administrateur van die Provinsie Transvaal.
PB. 4-14-2-862-4

No. 85 (Administrator's), 1974.

PROCLAMATION

Whereas power is vested in me by section 2 of the Removal of Restrictions Act, 1967 (Act 84 of 1967) to alter, suspend or remove a restriction or obligation referred to in that section;

Now therefore I do hereby, in respect of Erf No. 297, situate in Messina Township, district Messina, amend condition B(i) in Deed of Transfer No. 32574/1972 and condition B(h) in Deed of Transfer No. 32575/1972, by the insertion of the words:

"and a pasteurising factory" after the word "purposes" and the insertion of the words "other than a pasteurising factory" after the word "premises".

Given under my Hand at Pretoria this 11th day of April, One thousand Nine hundred and Seventy-four.

S. G. J. VAN NIEKERK,
Administrator of the Province Transvaal.
PB. 4-14-2-862-4

No. 86 (Administrateurs-), 1974.

PROKLAMASIE

Nademaal bevoegdheid by artikel 2 van die Wet op Opheffing van Beperkings, 1967 (Wet 84 van 1967) aan my verleen is om 'n beperking of verpligting in daardie artikel genoem te wysig, op te skort of op te hef;

So is dit dat ek, met betrekking tot Plot No. 35, geleë in Geestveld Landbouhoewes, distrik Bronkhorstspruit, gehou kragtens Akte van Transport No. 29895/1972, voorwaarde Cl(e) wysig om soos volg te lees:

"(e) Notwithstanding the provisions of Clauses Cl(a) and Cl(d) i, no store or place of business whatsoever may be operated or conducted on the holding without the written consent of the Administrator subject to such requirements as he may wish to impose."

Gegee onder my Hand te Pretoria, op hede die 4de dag van Maart, Eenduisend Negehonderd Vier-en-sewentig.

S. G. J. VAN NIEKERK,
Administrateur van die Provinsie Transvaal.
PB. 4-16-2-191-1

ADMINISTRATEURSKENNISGEWINGS

Administrateurskennisgewing 581 10 April 1974

**MUNISIPALITEIT DUIWELSKLOOF: VOORGE-
STELDE VERANDERING VAN GRENSE.**

Ingevolge artikel 10 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, word hierby bekend gemaak dat die Dorpsraad van Duiwelskloof 'n versoekskrif by die Administrateur ingedien het met die bede dat hy die bevoegdhede aan hom verleen by artikel 9(7) van genoemde Ordonnansie uitoefen en die grense van die Munisipaliteit Duiwelskloof verander deur die opneming daarin van die gebiede wat in die Bylae hierby omskryf word.

Enige belanghebbende persone is bevoeg om binne 30 dae na die eerste publikasie hiervan in die *Provinsiale Koerant* aan die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Pri-vaatsak X437, Pretoria, 'n teenpetisie te rig waarin die Administrateur versoek word om nie aan genoemde versoekskrif, in geheel of ten dele, te voldoen nie.

Verdere besonderhede van die aansoek lê in die kantoor van die Direkteur van Plaaslike bestuur, Kamer B206A, Provinsiale Gebou, Pretoriusstraat, Pretoria, en in die kantoor van die Stadsklerk van Duiwelskloof, ter insae.

PB. 3-2-3-54
10-17-24

BYLAE.

**MUNISIPALITEIT DUIWELSKLOOF: BESKRY-
WING VAN GEBIEDE INGELYF TE WORD.**

- (1) Gedeelte 5 ('n gedeelte van Gedeelte 3) van die plaas Kort-Hannie 439-L.T., groot 5 653 vierkante meter, volgens Kaart L.G. A.668/26.
- (2) Begin by die noordwestelike baken van Gedeelte 1 (Kaart L.G. No. A.1491/22) van die plaas Vrijstaat

No. 86 (Administrator's), 1974.

PROCLAMATION

Whereas power is vested in me by section 2 of the Removal of Restrictions Act, 1967 (Act 84 of 1967) to alter, suspend or remove a restriction or obligation referred to in that section;

Now therefore I do hereby, in respect of Plot No. 35, situate in Geestveld Agricultural Holdings, district Bronkhorstspruit, held in terms of Deed of Transfer No. 29895/1972, alter condition Cl(e) to read as follows:

"(e) Notwithstanding the provisions of Clauses Cl(a) and Cl(d) i, no store or place of business whatsoever may be operated or conducted on the holding without the written consent of the Administrator subject to such requirements as he may wish to impose."

Given under my Hand at Pretoria this 4th day of March, One thousand Nine hundred and Seventy-four.

S. G. J. VAN NIEKERK,
Administrator of the Province Transvaal.
PB. 4-16-2-191-1

ADMINISTRATOR'S NOTICES

Administrator's Notice 581 10 April, 1974

**DUIWELSKLOOF MUNICIPALITY: PROPOSED
ALTERATION OF BOUNDARIES.**

Notice is hereby given, in terms of section 10 of the Local Government Ordinance, 1939, that the Village Council of Duiwelskloof has submitted a petition to the Administrator praying that he may in the exercise of the powers conferred on him by section 9(7) of the said Ordinance, alter the boundaries of the Duiwelskloof Municipality by the inclusion therein of the area described in the Schedule hereto.

It shall be competent for any persons interested, within 30 days of the first publication hereof in the *Provincial Gazette*, to direct to the Director of Local Government, Private Bag X437, Pretoria a counter-petition requesting the Administrator to refrain from granting the said petition, either wholly or in part.

Further particulars of the application are open for inspection at the office of the Director of Local Government, Room B206A, Provincial Building, Pretorius Street, Pretoria, and in the office of the Town Clerk, Duiwelskloof.

PB. 3-2-3-54
10-17-24

SCHEDULE.

**DUIWELSKLOOF MUNICIPALITY: DESCRIPTION
OF AREAS TO BE INCORPORATED.**

- (1) Portion 5 (a portion of Portion 3) of the farm Kort-Hannie 439-L.T., in extent 5 653 square metres, vide Diagram S.G. A.668/26.
- (2) Beginning at the north-western beacon of Portion 1

437-L.T.; daarvandaan algemeen suidooswaarts langs die grense van die volgende gedeeltes van genoemde plaas Vrijstaat 437-L.T., sodat hulle in hierdie gebied ingesluit word: Gedeelte 1 (Kaart L.G. A.1491/22) Gedeelte 11 (Kaart L.G. A.945/48) en Gedeelte 9 (Kaart L.G. A.1616/38) tot by die noordoostelike baken van laasgenoemde gedeelte; daarvandaan suidweswaarts langs die suidoostelike grens van laasgenoemde gedeelte tot by die suidoostelike baken daarvan; daarvandaan algemeen noordweswaarts langs die grense van die volgende plase sodat hulle uit hierdie gebied uitgesluit word: die plaas Schraalhans 450-L.T., Duivelskloof 460-L.T., genoemde Schraalhans 450-L.T. en Kort-Hannie 439-L.T., tot by die noordwestelike baken van Gedeelte 1 (Kaart L.G. A.1491/22) van die plaas Vrijstaat 437-L.T., die beginpunt.

Administrateurskennisgewing 615

17 April 1974

MUNISIPALITEIT POTCHEFSTROOM: VOORGESTELDE VERANDERING VAN GRENSE.

Ingevolge artikel 10 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, word hierby bekend gemaak dat die Stadsraad van Potchefstroom 'n versoekskrif by die Administrateur ingedien het met die bede dat hy die bevoegdheids aan hom verleen by artikel 9(7) van genoemde Ordonnansie uitoefen en die grense van die Munisipaliteit Potchefstroom verander deur die opneming daarin van die gebied wat in die Bylae hierby omskryf word.

Enige belanghebbende persone is bevoeg om binne 30 dae na die eerste publikasie hiervan in die *Provinsiale Koerant* aan die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Privaatsak X437, Pretoria 'n teenpetisie te rig waarin die Administrateur versoek word om nie aan genoemde versoekskrif, in geheel of ten dele, te voldoen nie.

Verdere besonderhede van die aansoek lê in die kantoor van die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Kamer B206A, Provinsiale Gebou, Pretoriusstraat, Pretoria, en in die kantoor van die Stadsklerk van Potchefstroom ter insae.

PB. 3-2-3-26 Vol. 2

BYLAE.

MUNISIPALITEIT POTCHEFSTROOM. BESKRYWING VAN GEBIED INGELYF TE WORD.

Vanaf die noordwestelike hoek van Gedeelte 508 (Kaart L.G. A.3736/50) van die plaas Vyfhoek 428-I.Q., noordoos en suidoos met die noordwestelike en noordoostelike grense van genoemde Gedeelte 508 langs tot by die suidwestelike baken van Gedeelte 511 (Kaart L.G. A.3739/50) van die plaas Vyfhoek 428-I.Q.; dan noordoos en algemeen suid met die grense van Gedeelte 885 langs, sodat dit in hierdie gebied ingesluit word, tot by die suidoostelike baken daarvan; dan suidwes met die noordwestelike grense van Gedeelte 227 (Kaart L.G. A.4273/19) en Gedeelte 226 (Kaart L.G. A.4272/19) langs, beide van die plaas Vyfhoek 428-I.Q., tot by die suidwestelike baken van die laasgenoemde gedeelte; dan wes met die verlenging weswaarts van die suidelike grens van genoemde Gedeelte 226 langs, tot by die punt waar die genoemde verlenging die middel van die Mooirivier sny; dan algemeen noord met die middel van die Mooirivier langs tot by die noordwestelike hoek van Gedeelte 508 (Kaart L.G. A.3736/50) van die plaas Vyfhoek 428-I.Q., die beginpunt.

(Diagram S.G. No. A.1491/22) of the farm Vrijstaat 437-L.T.; thence generally south-eastwards along the boundaries of the following portions of the said farm Vrijstaat 437-L.T., so as to include them in this area: Portion 1 (Diagram S.G. A.1491/22) Portion 11 (Diagram S.G. A.945/48) and Portion 9 (Diagram S.G. A.1616/38) to the north-eastern beacon of the last-named portion; thence south-westwards along the south-eastern boundary of the last-named portion to the south-eastern beacon thereof; thence generally north-westwards along the boundaries of the following farms so as to exclude them from this area: the farm Schraalhans 450-L.T., Duivelskloof 460-L.T., the said Schraalhans 450-L.T. and Kort-Hannie 439-L.T., to the north-western beacon of Portion 1 (Diagram S.G. A.1491/22) of the farm Vrijstaat 437-L.T., the place of beginning.

Administrator's Notice 615

17 April, 1974.

POTCHEFSTROOM MUNICIPALITY: PROPOSED ALTERATION OF BOUNDARIES.

Notice is hereby given, in terms of section 10 of the Local Government Ordinance, 1939, that the Town Council of Potchefstroom has submitted a petition to the Administrator praying that he may in the exercise of the powers conferred on him by section 9(7) of the said Ordinance, alter the boundaries of the Potchefstroom Municipality by the inclusion therein of the area described in the Schedule hereto.

It shall be competent for any persons interested, within 30 days of the first publication hereof in the *Provincial Gazette*, to direct to the Director of Local Government, Private Bag X437, Pretoria, a counter-petition requesting the Administrator to refrain from granting the said petition, either wholly or in part.

Further particulars of the application are open for inspection at the office of the Director of Local Government, Room B206A, Provincial Building, Pretorius Street, Pretoria, and at the office of the Town Clerk, Potchefstroom.

PB. 3-2-3-26 Vol: 2

SCHEDULE.

POTCHEFSTROOM MUNICIPALITY: DESCRIPTION OF AREA TO BE INCORPORATED.

Beginning at the north-western corner of Portion 508 (Diagram S.G. A.3736/50) of the farm Vyfhoek 428-I.Q., north-east and south-east along the north-western and north-eastern boundaries of the said Portion 508 to the south-western beacon of Portion 511 (Diagram S.G. A.3739/50) of the farm Vyfhoek 428-I.Q.; thence north-east and generally south along the boundaries of Portion 885, so as to include it in this area, to the south-eastern beacon thereof; thence south-west along the north-western boundaries of Portion 227 (Diagram S.G. A.4273/19) and Portion 226 (Diagram S.G. A.4272/19), both of the farm Vyfhoek 428-I.Q., to the south-western beacon of the last-named portion; thence west along the prolongation westwards of the southern boundary of the said Portion 226, to the point where the said prolongation intersects the middle of the Mooi River; thence generally north along the middle of the Mooi River to the north-western corner of Portion 508 (Diagram S.G. A.3736/50) of the farm Vyfhoek 428-I.Q., the place of beginning.

Administrateurskennisgewing 640 24 April 1974

STADSRAAD VAN VANDERBIJLPARK: INTREK- KING VAN VRYSTELLING VAN EIENDOMSBE- LASTING.

Die Administrateur maak hierby bekend dat die Stads- raad van Vanderbijlpark hom versoek het om die be- voegdheid aan hom verleen deur die bepalinge van arti- kel 9(10) van Ordonnansie No. 17 van 1939, uit te oefen en die bestaande vrystelling van die bepalinge van die Plaaslike Bestuur-Belastingordonnansie, 1933, ten opsigte van die gebiede omskryf in die Bylaes tot Administra- teurskennisgewing No. 924, van 28 November 1956 soos gewysig, by Administrateurskennisgewing No. 610 van 21 Augustus 1957, in te trek.

Alle belanghebbende persone is bevoeg om binne 30 dae na eerste publikasie van hierdie kennisgewing skrifte- lik by die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Privaatsak X437, Pretoria, redes aan te voer waarom daar nie aan die Stadsraad van Vanderbijlpark se versoek voldoen moet word nie.

PB: 3-5-11-2-34

Administrateurskennisgewing 641 24 April 1974

GESONDHEIDSKOMITEE VAN HARTBEEFON- TEIN: VOORGESTELDE VERHOOGING VAN STATUS.

Ingevolge artikel 10, gelees met artikel 114, van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, word hierby bekend gemaak dat die Gesondheidskomitee van Hart- beesfontein ingevolge artikel 9(1)(a) van genoemde Or- donnansie, 'n versoekskrif by die Administrateur ingedi- het om 'n dorpsraad vir die regsgebied van die Gesond- heidskomitee van Hartbeesfontein in die plek van die bestaande Gesondheidskomitee in te stel.

Alle belanghebbende persone is bevoeg om binne 30 dae na die eerste publikasie hiervan in die *Provinsiale Koerant*, aan die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Pri- vaatsak X437, Pretoria, 'n teenpetisie te rig waarin die Administrateur versoek word om nie aan genoemde ver- soekskrif, in geheel of ten dele te voldoen nie.

PB: 3-6-5-2-87

Administrateurskennisgewing 642 24 April 1974

VERKLARING VAN ONGENOMMERDE OPEN- BARE DISTRIKSPAAIE: DISTRIK VANDERBIJ- PARK.

Die Administrateur verklaar hierby ingevolge artikel 5(1)(b) en (c) en artikel 3 van die Padordnansie 1957, dat openbare-paaie, 10 meter breed, oor die plaas Zeekoe- fontein 573-I.Q., distrik Vanderbijlpark, sal bestaan soos op bygaande sketsplan aangedui.

DP: 021-024-23/24/Z1

Administrator's Notice 640 24 April, 1974

TOWN COUNCIL OF VANDERBIJLPARK: WITH- DRAWAL OF EXEMPTION FROM RATING.

The Administrator hereby notifies that the Town Coun- cil of Vanderbijlpark has requested him to exercise the authority conferred on him by section 9(10) of Ordinance No. 17 of 1939, and withdraw the existing exemption from the provisions of the Local Authorities Rating Or- dinance, 1933 in respect of the areas described in the Schedules to Administrator's Notice No. 924 dated 28 November 1956 as amended by Administrator's Notice No. 610 dated 21 August 1957.

All interested persons are entitled to submit reasons in writing to the Director of Local Government, Private Bag X437, Pretoria, within 30 days of the first publica- tion of this notice, why the request of the Town Council of Vanderbijlpark should not be granted.

PB: 3-5-11-2-34

Administrator's Notice 641 24 April, 1974

HARTBEEFONTEIN HEALTH COMMITTEE: PRO- POSED RAISING OF STATUS.

Notice is hereby given, in terms of section 10, read with section 114, of the Local Government Ordinance, 1939, that the Hartbeesfontein Health Committee has, in terms of section 9(1)(a) of the said Ordinance, submitted a petition to the Administrator to constitute a village council for the area of jurisdiction of the Hartbeesfontein Health Committee in lieu of the existing Health Com- mittee.

It shall be competent for all persons interested, within 30 days of the first publication hereof in the *Provincial Gazette*, to direct to the Director of Local Government, Private Bag X437, Pretoria, a counterpetition requesting the Administrator to refrain from granting the said pe- tition, either wholly or in part.


PB: 3-6-5-2-87

Administrator's Notice 642 24 April, 1974

DECLARATION OF UNNUMBERED PUBLIC DIS- TRICT ROADS: DISTRICT OF VANDERBIJLPARK.

The Administrator, in terms of section 5(1)(b) and (c) and section 3 of the Roads Ordinance, 1957, hereby de- clares that public roads, 10 metres wide, shall run on the farm Zeekoefontein 573-I.Q., district of Vanderbijlpark, as indicated on the subjoined sketch plan.

DP: 021-024-23/24/Z1



Administrateurskennisgewing 643 24 April 1974

VERLEGGING VAN DISTRIKSPAD 93, DISTRIK POTCHEFSTROOM EN VERMEERDERING VAN BREEDTE VAN PADRESERWE.

Die Administrateur, ingevolge artikel 5(1)(d) en artikel 3 van die Padordonnansie 1957, verlé en verbreed hierby distrikspad 93, wat oor die plase Weltevreden 357-I.Q. en Leeuwpoot 356-I.Q., distrik Potchefstroom loop, soos op bygaande sketsplan aangedui.


DP. 07-072-23/22/93
 U.K. Besluit 438(10) 5 Maart 1974.

Administrator's Notice 643 24 April 1974

DEVIATION OF DISTRICT ROAD 93, DISTRICT OF POTCHEFSTROOM AND INCREASE IN WIDTH OF ROAD RESERVE.

The Administrator, in terms of section 5(1)(d) and section 3 of the Roads Ordinance, 1957 hereby deviates and widens district road 93, which runs on the farms Weltevreden 357-I.Q. and Leeuwpoot 356-I.Q., district of Potchefstroom, as indicated on the subjoined sketch plan.

DP. 07-072-23/22/93
 Ex. Co. Resolution 438(10) 5 March, 1974



DP. 07-072-23/22/93(a)

BESTAANDE PAAIE	EXISTING ROADS.
PAD GESLUIT.	ROAD CLOSED.
PAD VERLE EN VERBRED NA 40m.	ROAD DEVIATED AND WIDENED TO 40m.

Administrateurskennisgewing 644

24 April 1974

VERLEGGING VAN DISTRIKSPAD 1997, DISTRIK POTCHEFSTROOM EN VERMEERDERING VAN BREEDTE VAN PADRESERWE.

Die Administrateur, ingevolge artikel 5(1)(d) en artikel 3 van die Padordonnansie 1957, verlé en verbreed hierby distrikspad 1997, wat oor die plaas Leeuwpoot 356-I.Q., distrik Potchefstroom loop, soos op bygaande sketsplan aangedui.

DP. 07-072-23/22/93
 U.K. Besluit 438(10) 5 Maart 1974.


Administrator's Notice 644

24 April, 1974

DEVIATION OF DISTRICT ROAD 1997, DISTRICT OF POTCHEFSTROOM AND INCREASE IN WIDTH OF ROAD RESERVE.

The Administrator, in terms of section 5(1)(d) and section 3 of the Roads Ordinance, 1957 hereby deviates and widens district road 1997, which runs on the farm Leeuwpoot 356-I.Q., district of Potchefstroom, as indicated on the subjoined sketch plan.

DP. 07-072-23/22/93
 Ex. Co. Resolution 438(10) 5 March, 1974



DP. 07-072-23|22|93(b).

BESTAANDE PAAIE.	=====	EXISTING ROADS.
PAD GESLUIT.	- - - - -	ROAD CLOSED.
PAD VERKLAAR.	—————	ROAD DECLARED
NA 25m.	—————	TO 25 m.

Administrateurskennisgewing 645 24 April 1974

VERLEGGING VAN DISTRIKSPAD 146: DISTRIK LICHTENBURG.

Die Administrateur verlê hierby, ingevolge artikel 5(1)(d) van die Padordonnansie 1957, distrikspad 146, wat oor die plaas Treurfontein 73-I.P., distrik Lichtenburg loop, soos op bygaande sketsplan aangedui.


DP. 07-075-23/22/146
U.K. Besluit 539(53): 19-3-74

Administrator's Notice 645 24 April, 1974

DEVIATION OF DISTRICT ROAD 146: DISTRICT OF LICHTENBURG.

The Administrator, in terms of section 5(1)(d) of the Roads Ordinance, 1957, hereby deviates district road 146, which runs on the farm Treurfontein 73-I.P., district of Lichtenburg, as indicated on the subjoined sketch plan.

DP. 07-075-23/22/146
Ex. Co. Resolution 539(53): 19-3-74



DP. 07-075-23|22|146.

BESTAANDE PAAIE	=====	EXISTING ROADS.
PAD GESLUIT	- - - - -	ROAD CLOSED.
PAD VERLÊ	—————	ROAD DEVIATED
(WYDTE-37,78 m.)	—————	(WIDTH 37,78 m)

Administrateurskennisgewing 646 24 April 1974

KANSELLERING IN SY GEHEEL VAN UITSPANSERWITUUT OP DIE PLAAS VLAKFONTEIN 30-I.R.: DISTRIK BENONI.

Met betrekking tot Administrateurskennisgewing 770 van 16 Mei 1973 het die Administrateur, ingevolge artikel 56(2) van die Padordonnansie 1957, die uitspanserwituut wat 4,285 hektaar groot is en waaraan die Restant van die plaas Vlakfontein 30-I.R., distrik Benoni, onderhewig is, in sy geheel gekanselleer.

DP. 021-022-37/3/V.3

Administrator's Notice 646 24 April, 1974

CANCELLATION WHOLLY OF SERVITUDE OF OUTSPAN ON THE FARM VLAKFONTEIN 30-I.R.: DISTRICT OF BENONI.

With reference to Administrator's Notice 770 of 16 May, 1973, the Administrator, in terms of section 56(2) of the Roads Ordinance, 1957, has caused the servitude of outspan, in extent 4,285 hectares and to which the Remainder of the farm Vlakfontein 30-I.R., district Benoni, is subject, to be cancelled wholly.

DP. 021-022-37/3/V.3

Administrateurskennisgewing 647 24 April 1974

KANSELLERING IN SY GEHEEL OF GEDEELTELIK VAN DIE UITSPANSERWITUUT OP DIE PLAAS CYFERFONTEIN 35-I.Q., DISTRIK KOSTER.

Met die oog op 'n aansoek wat van die grondeienaar ontvang is vir die kansellering in sy geheel of gedeeltelik van die uitspanserwituut wat 7,72 hektaar groot is en waaraan die Resterende Gedeelte van Gedeelte 2 van die plaas Cyferfontein 35-I.Q., distrik Koster, onderhewig is, is die Administrateur van voorneme om, ingevolge artikel 56 van die Padordonnansie 1957, op te tree.

Enige persoon kan binne ses maande vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing, sy redes vir sy beswaar teen die kansellering, by die Streekbeampte, Transvaalse Paaiedepartement, Privaatsak X82063, Rustenburg, skriftelik indien.

DP. 08-082K-37/3/C/2

Administrateurskennisgewing 648 24 April 1974

MUNISIPALITEIT EDENVALE: WYSIGING VAN PUBLIEKE GESONDHEIDSVERORDENINGE.

Die Administrateur publiseer hierby, ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Publieke Gesondheidsverordeninge van die Munisipaliteit Edenvale, afgekondig by Administrateurskennisgewing 148 van 21 Februarie 1951, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur Deel IV soos volg te wysig:—

1. Deur in artikel 105(1) na die woordskrywing van "perseel" die volgende in te voeg:—

"'Voedselhanteringsverordeninge' die Standaardvoedselhanteringsverordeninge afgekondig by Administrateurskennisgewing 1317 van 16 Augustus 1972 en deur die Raad aangeneem by Administrateurskennisgewing 515 van 27 Maart 1974;"

2. Deur in artikel 106(6) die uitdrukking "artikel 160 van Hoofstuk 8" deur die uitdrukking "artikel 3(i) van die Voedselhanteringsverordeninge" te vervang.

3. Deur in artikel 107(4) die uitdrukking "artikel 157(p) van Hoofstuk 8" deur die uitdrukking "artikel 3(p) van die Voedselhanteringsverordeninge" te vervang.

4. Deur artikel 110 deur die volgende te vervang:—

"110. Vis mag slegs oor of in 'n wasbak soos die een wat by artikel 2(8) van die Voedselhanteringsverordeninge voorgeskryf word, skoongemaak, gewas of afgespoel word."

5. Deur in artikel 112 die uitdrukking "Hoofstuk 8 saamgelees, en Hoofstuk 10" deur die uitdrukking "die Voedselhanteringsverordeninge saamgelees en Hoofstuk 10 van hierdie verordeninge" te vervang.

6. Deur in artikel 113 die uitdrukking "Hoofstuk 8" deur die woorde "die Voedselhanteringsverordeninge" te vervang.

7. Deur in artikel 174 —

(a) die uitdrukking "artikel 155 van Hoofstuk 8" deur die uitdrukking "artikel 1 van die Voedselhanteringsverordeninge" te vervang; en

Administrator's Notice 647 24 April, 1974

CANCELLATION WHOLLY OR PARTIALLY OF THE SERVITUDE OF OUTSPAN ON THE FARM CYFERFONTEIN 35-I.Q., DISTRICT OF KOSTER.

With a view to an application received from the owner of land for the cancellation wholly or partially of the servitude of outspan, in extent 7,72 hectares and to which the Remaining Portion of Portion 2 of the farm Cyferfontein 35-I.Q., district of Koster is subject, the Administrator intends taking action in terms of section 56 of the Roads Ordinance, 1957.

Any person may lodge his objections to the cancellation in writing, with the Regional Officer, Transvaal Roads Department, Private Bag X82063, Rustenburg, within six months from the date of publication of this notice.

DP. 08-082K-37/3/C/2

Administrator's Notice 648 24 April, 1974

EDENVALE MUNICIPALITY: AMENDMENT TO PUBLIC HEALTH BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Public Health By-laws of the Edenvale Municipality, published under Administrator's Notice 148, dated 21 February, 1951, as amended, are hereby further amended by amending Part IV as follows:—

1. By the insertion in section 105(1) after the definition of "premises" of the following:—

"'Food-Handling By-laws' means the Standard Food-Handling By-laws, published under Administrator's Notice 1317 of 16 August, 1972, and adopted by the Council under Administrator's Notice 515, dated 27 March, 1974;"

2. By the substitution in section 106(6) for the expression "section 160 of Chapter 8" of the expression "section 3(i) of the Food-Handling By-laws".

3. By the substitution in section 107(4) for the expression "section 157(p) of Chapter 8" of the expression "section 3(p) of the Food-Handling By-laws".

4. By the substitution for section 110 of the following:—

"110. No fish shall be cleaned, washed or rinsed elsewhere than in or over a sink as is prescribed in terms of section 2(8) of the Food-Handling By-laws."

5. By the substitution in section 112 for the expression "Chapter 8 and Chapter 10" of the expression "the Food-Handling By-laws and Chapter 10 of these by-laws".

6. By the substitution in section 113 for the expression "Chapter 8" of the words "the Food-Handling By-laws".

7. By —

(a) the substitution in section 174 for the expression "section 155 of Chapter 8" of the expression "section 1 of the Food-Handling By-laws"; and

(b) na die woordoms krywing van "toereikend" die volgende woordoms krywing in te voeg: —

"'Voedselhanteringsverordeninge' die Standaardvoedselhanteringsverordeninge, afgekondig by Administrateurskennisgewing 1317 van 16 Augustus 1972, en deur die Raad aangeneem by Administrateurskennisgewing 515 van 27 Maart 1974;"

8. Deur in artikel 176 —

(a) in subartikel (7) die uitdrukking "artikel 156(d) van Hoofstuk 8" deur die uitdrukking "artikel 2(9) van die Voedselhanteringsverordeninge" te vervang; en

(b) in subartikel (8) die uitdrukking "artikel 156(h) van Hoofstuk 8" deur die uitdrukking "artikel 2(14) van die Voedselhanteringsverordeninge" te vervang.

9. Deur in artikel 179(1) die uitdrukking "artikel 158(a) van Hoofstuk 8" deur die uitdrukking "artikel 3(l) van die Voedselhanteringsverordeninge" te vervang.

10. Deur in artikel 182 die uitdrukking "Hoofstuk 8" deur die woorde "die Voedselhanteringsverordeninge" te vervang.

11. Deur in artikel 184 die uitdrukking "Hoofstuk 8" deur die woorde "die Voedselhanteringsverordeninge" te vervang.

12. Deur in artikel 186 —

(a) die uitdrukking "artikel 155 van Hoofstuk 8" deur die uitdrukking "artikel 1 van die Voedselhanteringsverordeninge" te vervang;

(b) voor die woordoms krywing van "perseel" die volgende woordoms krywing in te voeg: —

"'Melkverordeninge' die Standaardmelkverordeninge, afgekondig by Administrateurskennisgewing 1024 van 11 Augustus 1971, en deur die Raad aangeneem by Administrateurskennisgewing 721 van 17 Mei 1972;" en

(c) na die woordoms krywing van "teekamer" die volgende woordoms krywing in te voeg: —

"'Voedselhanteringsverordeninge' die Standaardvoedselhanteringsverordeninge, afgekondig by Administrateurskennisgewing 1317 van 16 Augustus 1972, en deur die Raad aangeneem by Administrateurskennisgewing 515 van 27 Maart 1974."

13. Deur subartikel (3) van artikel 187 deur die volgende te vervang: —

"(3) Enige kamer waarin voedsel of skottelgoed gewas word, moet 'n toereikende en skoon voorraad lopende warm en koue water hê wat doeltreffend gedistribueer word en oor 'n goedgekeurde dubbelopwasbak of 'bakke' gelê is met 'n minimum diepte van 230 mm en 'n inhoud van minstens 55 liter, op goedgekeurde wyse gedreineer en met 'n toereikende droogblad of -rak van vlekvy staal of ander goedgekeurde syferdigte materiaal. Aparte opwasbakke moet vir die was van voedsel verskaf word, en indien die Raad dit nodig ag, moet daar ook 'n goedgekeurde pottewasbak in die perseel aangebring word."

14. Deur in artikel 188 die uitdrukking "artikel 157(k) en artikel 158(a) van Hoofstuk 8" deur die uitdrukking "artikel 3(l) van die Voedselhanteringsverordeninge" te vervang.

15. Deur in artikel 189(2) die uitdrukking "Hoofstuk 21" deur die woorde "die Melkverordeninge" te vervang.

16. Deur in artikel 191 die uitdrukking "Hoofstuk 8" deur die woorde "die Voedselhanteringsverordeninge" te vervang.

(b) the insertion in section 174 after the definition of "bakehouse" of the following definition:—

"'Food-Handling By-laws' means the Standard Food-Handling By-laws, published under Administrator's Notice 1317, dated 16 August, 1972, and adopted by the Council under Administrator's Notice 515, dated 27 March, 1974;"

8. By the substitution in section 176 —

(a) in subsection (7) for the expression "section 156(d) of Chapter 8" of the expression "section 2(9) of the Food-Handling By-laws"; and

(b) in subsection (8) for the expression "section 156(h) of Chapter 8" of the expression "section 2(14) of the Food-Handling By-laws".

9. By the substitution in section 179 for the expression "section 158(a) of Chapter 8" of the expression "section 3(l) of the Food-Handling By-laws".

10. By the substitution in section 182 for the expression "Chapter 8" of the words "the Food-Handling By-laws".

11. By the substitution in section 184 for the expression "Chapter 8" of the words "the Food-Handling By-laws".

12. By —

(a) the substitution in section 186 for the expression "section 155 of Chapter 8" of the expression "section 1 of the Food-Handling By-laws";

(b) the insertion in section 186 before the definition of "restaurant" of the following definitions:—

"'Food-Handling By-laws' means the Standard Food-Handling By-laws, published under Administrator's Notice 1317, dated 16 August, 1972, and adopted by the Council under Administrator's Notice 515, dated 27 March, 1974;"

"'Milk By-laws' means the Standard Milk By-laws, published under Administrator's Notice 1024, dated 11 August, 1971, and adopted by the Council under Administrator's Notice 721, dated 17 May 1972;"

13. By the substitution for subsection (3) of section 187 of the following:—

"(3) Any room in which any food-cleansing or washing-up operation is carried out, shall have an adequate and wholesome supply of hot and cold running water effectively distributed and laid over an approved double-bowl sink or sinks with a minimum depth of 230 mm and a capacity of at least 55 litres, drained in an approved manner and which shall have an adequate drain board or drainage rack made of stainless steel or other approved impermeable material. Separate sinks shall be provided for the cleansing of food, and where the Council deems it necessary, an approved pot-washing sink shall also be installed on the premises."

14. By the substitution in section 188 for the expression "section 157(k) and section 158(a) of Chapter 8" of the expression "section 3(l) of the Standard Food-Handling By-laws".

15. By the substitution in section 189(2) for the expression "Chapter 21" of the words "the Milk By-laws".

16. By the substitution in section 191 for the expression "Chapter 8" of the words "the Food-Handling By-laws".

17. Deur in artikel 192 die uitdrukking "Hoofstuk 8" deur die woorde "die Voedselhanteringsverordeninge" te vervang.

18. Deur artikel 194 deur die volgende te vervang:—

"Woordomskrywing.

194. Vir die toepassing van hierdie Hoofstuk geld die woordomskrywing vervat in die Voedselhanteringsverordeninge vir sover dit toepaslik is en beteken—

'hotel', tensy uit die sinsverband anders blyk, hotelle, private hotelle, losieshuise, huurkamerhuise en in elke geval enige bygebou daarvan, maar omvat nie 'n inrigting, wat nie so 'n bygebou is nie, waarin minder as vyf gaste gehuisves word nie;

'Voedselhanteringsverordeninge', die Standaardvoedselhanteringsverordeninge, afgekondig by Administrateurskennisgewing 1317 van 16 Augustus 1972, en deur die Raad aangeneem by Administrateurskennisgewing 515 van 27 Maart 1974."

19. Deur in artikel 198 die uitdrukking "Hoofstukke 8 en 10" en die woorde "genoemde Hoofstukke" onderskeidelik deur die uitdrukkings "Die Voedselhanteringsverordeninge en Hoofstuk 10 van hierdie verordeninge" en "die Voedselhanteringsverordeninge en genoemde Hoofstuk 10" te vervang.

20. Deur in artikel 199 die uitdrukking "Hoofstuk en van Hoofstukke 8 en 10" deur die uitdrukking "Hoofstuk, Hoofstuk 10 en die Voedselhanteringsverordeninge" te vervang.

21. Deur Hoofstuk 12 deur die volgende te wervang:—

"HOOFSTUK 12

VLEIS.

Woordomskrywing.

208. Vir die toepassing van hierdie verordeninge geld die woordomskrywing in die Voedselhanteringsverordeninge vervat vir sover dit van toepassing is en, tensy dit uit die sinsverband anders blyk, beteken—

'biltong' die gedroogde of uitgedroogde vleis wat vir menslike verbruik bedoel is, van enige hoefdier en enige volstruis; maar sluit nie die vleis van eenhoewiges en kamele in nie;

'dier' enige dier waarvan die vleis vir menslike verbruik geskik is;

'munisipaliteit' die Raad se regsgebied, met inbegrip van die buitegebiede wat in artikel 2 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939 (Ordonnansie 17 van 1939) omskryf word;

'perdevleis' die vleis van perde, muile of donkies en sluit die vleis van kamele in;

'perdevleisprodukt' enige voedingsmiddel wat perdevleis bevat;

'skoongemaakte afval' tonge, sterte, middelriwwe, harslagte, koppe en pote wat afgeslag en ingewande wat gekrap en skoongemaak is;

'slaghuis' 'n perseel waar vleis uitgestal of opgeberg of

17. By the substitution in section 192 for the expression "Chapter 8" of the words "the Food-Handling By-laws"

18. By the substitution for section 194 of the following:—

"Definitions.

194. For the purpose of this Chapter the definitions contained in the Food-Handling By-laws shall be operative as far as applicable, and

'hotel', unless the context indicates otherwise, means hotels, private hotels, boarding-houses, lodging-houses and in each case any annexe thereto, but shall not include any establishment, not being such an annexe, in which less than five guests are accommodated;

'Food-Handling By-laws' means the Standard Food-Handling By-laws, published under Administrator's Notice 1317, dated 16 August 1972, and adopted by the Council under Administrator's Notice 515, dated 27 March, 1974."

19. By the substitution in section 198 for the expression "Chapters 8 and 10" and the words "those Chapters" of the expressions "The Food-Handling By-laws and Chapter 10 of these by-laws" and "the Food-Handling By-laws and the said Chapter 10" respectively.

20. By the substitution in section 199 for the expression "Chapter and of Chapters 8 and 10" of the expression "Chapter, Chapter 10 and the Food-Handling By-laws"

21. By the substitution for Chapter 12 of the following:—

"CHAPTER 12.

MEAT.

Definitions.

208. For the purpose of these by-laws the definitions in the Food-Handling By-laws shall be operative so far as applicable and, unless the context indicates otherwise—

'abattoir' means premises at which the slaughtering of animals is carried out and which have been approved by the Council for the purpose;

'Act' means the Animal Slaughter, Meat and Animal Products Hygiene Act, 1967, as amended;

'animal' means any animal the flesh of which is suitable for human consumption;

'biltong' means the dried or desiccated flesh intended for human consumption of any ungulate animal and any ostrich, but does not include the flesh of equines and camels;

'butcher' means a person carrying on the business of selling or otherwise dealing in meat, whether by wholesale or by retail;

'butcher shop' means premises at which meat is exposed

verkoop word, maar omvat nie 'n perseel waar net wors, polonies of gaar of verwerkte vleis verkoop word nie;

'slagplaas' 'n perseel waar diere geslag word en wat die Raad vir die doel goedgekeur het;

'slagter' iemand wat 'n besigheid dryf waar hy vleis verkoop of andersins daarin handel dryf, hetsy as groot-handelaar, hetsy as kleinhandelaar;

'vleis' die vleis of afval, met inbegrip van verkoelde of bevrore vleis of afval, of na gelang van die sinsverband, die karkas, met inbegrip van die verkoelde of bevrore karkas, van enige dier, maar omvat nie ingemaakte vleis, vleissmeer of gedroogde vleis of biltong nie;

'Voedselhanteringsverordeninge' die Standaardvoedselhanteringsverordeninge, afgekondig by Administrateurskennisgewing 1317 van 16 Augustus 1972, en deur die Raad aangeneem by Administrateurskennisgewing 515 van 27 Maart 1974;

'Wet' die Wet op Higiëne by Dierslag, Vleis en Dierlike Produkte, 1967, soos gewysig.

Slag van Diere.

209. Niemand mag 'n dier waarvan die vleis gewoonweg deur mense verbruik word elders binne die Munisipaliteit behalwe in 'n goedgekeurde slagplaas slag nie.

Inbring van Vleis in Munisipaliteit.

210.(1) Behoudens die bepalings van artikel 212 mag niemand die karkas of vleis van 'n dier, uitgesonderd wild wat buite die munisipaliteit geslag is, in die munisipaliteit inbring nie, hetsy die vleis of karkas verkoop of bevrore is al dan nie, tensy die dier geslag is in 'n slagplaas wat tot voldoening van die Raad in alle opsigte aan die bepalings van die Wet en aan al die toepaslike regulasies wat daarkragtens uitgevaardig is, voldoen.

(2) Die Raad kan, vir die toepassing van hierdie artikel, weier om 'n perseel wat as 'n slagplaas gebruik word, goed te keur indien die slagplaas na die mening van die Raad nie behoorlik onderhou word nie, en veral nie so onderhou word dat dit nie in alle opsigte aan die bepalings van die Wet en alle toepaslike regulasies wat daarkragtens uitgevaardig is, voldoen nie.

(3) Behoudens die bepalings van artikel 212, pleeg iemand 'n misdryf as hy 'n dooie dier of vleis van 'n dooie dier wat nie geslag is in 'n slagplaas wat die Raad ingevolge hierdie artikel goedgekeur het nie, of wat geslag is in 'n slagplaas waar die voorwaardes waarop die Raad dit goedgekeur het, oortree is of nie nagekom is nie, in die munisipaliteit inbring.

211.(1) Sonder om af te doen aan die bepalings van artikel 210(1) en behoudens die bepalings van artikel 212, moet iedereen wat vleis of 'n dooie dier wat vir menslike verbruik geskik is, of wat perdevleis of 'n perdevleiskarkas in die munisipaliteit inbring, dié vleis of dier, tensy die Raad anders gelas, onmiddellik in 'n slagplaas of op 'n ander plek wat die Raad van tyd tot tyd mag aanwys, besorg sodat dit deur of namens die Raad ondersoek en gebrandmerk of gestempel kan word, en iemand wat vleis of 'n dooie dier, soos voornoem, aan iemand anders verkoop, verskaf of aflewer of by 'n slaghuis, woonplek, besigheidsperseel of op enige ander plek aflewer of afgee voordat dit gebrandmerk of gestempel is soos dit by hierdie subartikel voorgeskryf word, pleeg 'n misdryf: Met dien verstande dat hierdie subartikel nie van toepassing is nie in die geval waar daar in enige week vleis of dooie diere met 'n massa van hoogstens 23 kg, deur

or stored or sold, but does not include premises at which the only meat sold is sausages, polonies or cooked or processed meat;

'cleaned offal' means tongues, tails, skirts, plucks, heads and feet which have been skinned, and tripe which has been cleaned and dressed;

'Food-Handling By-laws' means the Standard Food-Handling By-laws, published under Administrator's Notice 1317, dated 16 August, 1972, and adopted by the Council under Administrator's Notice 515, dated 27 March, 1974;

'horsemcat' means the meat of horses, mules or donkeys and includes the meat of camels;

'horsemcat product' means any article of food containing any horsemcat;

'meat' means the meat or offal, including chilled or frozen meat or offal, or, where the context permits, the carcass, including the chilled or frozen carcass, of any animal but does not include canned meats, potted meats or dried meat or biltong;

'municipality' means the area under the jurisdiction of the Council, including outside areas as defined in section 2 of the Local Government Ordinance, 1939 (Ordinance 17 of 1939).

Slaughtering of Animals.

209. No person shall slaughter within the municipality elsewhere than in an approved abattoir any animal the meat of which is ordinarily used for human consumption.

Introduction of Meat into Municipality.

210.(1) Save as provided in section 212, no person shall introduce into the municipality any meat or carcass, whether or not frozen or chilled, of any animal, other than game, slaughtered outside the municipality unless it was slaughtered in an abattoir as to which the Council is satisfied that it complies in all respects with the provisions of the Act and all relevant regulations made there-under.

(2) The Council may refuse to approve, for the purpose of this section, any premises used as an abattoir which in the opinion of the Council are not properly maintained and, in particular, which are not maintained in all respects in compliance with the provisions of the Act and all relevant regulations made there-under.

(3) Save as provided in section 212 any person who introduces into the municipality any dead animal or any meat derived therefrom which has not been slaughtered at an abattoir approved by the Council in terms of this section, or which has been slaughtered at an abattoir in respect of which the conditions attached by the Council to its approval thereof have been contravened or not complied with, shall be guilty of an offence.

211.(1) Without prejudice to the provisions of section 210(1) and save as provided in section 212, every person who introduces any meat or dead animal suitable for human consumption or horsemcat or a horsemcat carcass into the municipality shall, unless the Council otherwise directs, forthwith submit it for the purpose of examination and branding or stamping by or on behalf of the Council at an abattoir or such other place as the Council may from time to time direct, and it shall be an offence to sell, supply or deliver any such meat or dead animal as aforesaid to any person or to deliver it to or deposit it at any butcher's shop, residence, business premises or any other place, unless it has been branded or stamped as required in terms of this subsection: Provided that this subsection shall not apply in respect of the introduction into the municipality of meat or dead animals not exceed-

iemand of deur sy dienaar namens hom, vir verbruik deur so iemand of die lede van sy huishouding, in die munisipaliteit ingebring word.

(2) Alle wors en polonie wat in die munisipaliteit ingebring word, moet vergesel gaan van 'n dokument wat deur 'n geneeskundige gesondheidsbeampte of 'n gekwalifiseerde gesondheidsinspekteur onderteken is en waarin daar gesertifiseer word dat die diere waarvan die vleis in die wors of polonie verkry is, in 'n slagplaas geslag is en die wors of polonie in die gebied van die owerheid wat dié slagplaas beheer, vervaardig is.

(3) Niemand mag in die munisipaliteit vleis of 'n dooie dier, uitgesonderd wild, verkoop, te koop aanbied, of vir verkoop uitstal of op enige wyse afstaan of in sy besit hê nie, tensy dié vleis of dier deur die Raad gebrandmerk of gestempel is as bewys dat dit vir menslike verbruik geskik is.

212. Die Bepalings van artikel 210(1) en (3) en van artikel 211(1) en (3) is nie van toepassing nie op die slag van diere binne die munisipaliteit of op die inbring in die munisipaliteit van dooie diere of die vleis van dooie diere met 'n massa van hoogstens 23 kg in enige week deur iemand, mits die diere aldus geslag of die dooie diere of vleis aldus ingebring word deur die betrokke persoon of deur sy dienaar namens hom en bedoel is vir verbruik deur so iemand of die lede van sy huishouding.

Vereistes ten opsigte van Persele.

213.(1) Alle slaghuispersele moet aan die voorskrifte wat in onderstaande subartikels van hierdie artikel vervat is, voldoen.

(2) Die perseel moet 'n vertrek of 'n afsonderlike en goedgekeurde ruimte bevat waarin die vleis vir verkoop uitgestal en berei word.

(3) Die totale oppervlakte van die vensters en ander openinge van die vertrek of ruimte waarvan daar in subartikel (2) melding gemaak word, moet minstens gelyk wees aan een vyfde van die vloeroppervlakte van dié vertrek of ruimte.

(4) Die oppervlakte van alle rakke, vensterbanke en toonkaste moet uit 'n goedgekeurde gladde, harde en syferdigte materiaal bestaan.

(5) Toonbank- of tafellaai waarop vleis berei of gehanteer word, moet wees soos dit by artikel 2(19) van die Voedselhanteringsverordeninge voorgeskryf word, en moet hierbenewens na gelang van die geval, aangebring word op, of deel uitmaak van, of —

- (a) 'n goedgekeurde koelkastoonbank; of
- (b) stewige stutte wat van 'n goedgekeurde harde en syferdigte materiaal gemaak is en so gerangskik is dat dit 'n onbelemmerde deursig van voor na agter bied; of
- (c) 'n enkele stut wat van baksteen of beton gemaak is en wat solied of hol kan wees; as dit hol is, moet die holte só verseël wees dat knaagdiere en ongedierte nie daaruit in die perseel of uit die perseel, daarin kan kom nie en die buitevlakke van dié stut moet in elke geval gelyk met die rand van die toonbank wees en moet geteël wees of met 'n ander goedgekeurde, harde, gladde en syferdigte deklaag afgewerk wees: Met dien verstande dat die Raad 'n toonbank van enige ander tipe of bou wat syns insiens aan die openbare gesondheidsvereistes voldoen, kan goedkeur.

ing a mass of 23 kg in any one week by any person or by his servant on his behalf for consumption by such person or members of his household.

(2) All sausages and polonies introduced into the municipality shall be accompanied by a document signed by a medical officer of health or a qualified health inspector certifying that the animals from which the meat of the sausages or polonies was derived, were slaughtered at an abattoir and that they were manufactured in the area of the authority in control of that abattoir.

(3) No person shall within the municipality sell or offer or expose for sale or otherwise dispose of or have in his possession any meat or any dead animal, except game, unless the same has been branded or stamped by the Council as being fit for human consumption.

212. The provisions of section 210(1) and (3) and section 211(1) and (3) shall not apply to the slaughtering of animals within the municipality or to the introducing by a person into the municipality of dead animals or the meat from dead animals not exceeding a mass of 23 kg in any one week, as long as the animals are so slaughtered or the dead animals or meat are so introduced by the person concerned or by his servant on his behalf for consumption by such person or by members of his household.

Requirements for Premises.

213.(1) The premises of any butcher's shop shall comply with the requirements set out in the succeeding subsections of this section.

(2) The premises shall contain a room or a separate and approved area in which the meat is exposed and prepared for sale.

(3) The total area of the windows and other openings of the room or area referred to in subsection (2) shall not be less than one-fifth of the floor area thereof.

(4) The surfaces of all shelves, window sills and show cases shall be of approved smooth, hard and impermeable material.

(5) The tops of counters or tables on which meat is prepared or handled shall be as prescribed in terms of section 2(19) of the Food-Handling By-laws and shall, in addition, be mounted on, or, as the case may be, form part of, either —

- (a) an approved refrigerated counter; or
- (b) firm supports made of approved substantial and impermeable material and so arranged as to afford a clear view from front to back; or
